Heildronk: Die Univ | Macdonaldhuis-funksie, Stell. 17/10/75.

~~Pypkaneel!~~
Sir William Taylor: Santa Fe "absolutely true, very true true! So very good!

~~Bespiering!~~
~~Hans & Piet!~~

191.T.2 (46)

I Merkwaardig: Niks is 'n afgeslote geheel nie:
Sos: individu, gesin, familie, volk. Of:
Pol. die kieser, die kiesafd. ~~party~~ die volksraad, die kabinet of reg., die Staat, die Stateg... maar binne elkeen entiteit 'n sterk ~~ei~~ gevoel van eie waarde en solidariteit.
Feit bly: onderdele is integrerende dele van groot geheel.

II So ook MDT
Één koshuis, onderdeel van groot geheel – die Univ.
Maar: alles wat ons gedoen het, het ons seker nie in regstreekse belang v.d. Univ. gedoen nie!
Bv. Waatlemoen in Jack se kamer!
~~Ajaks + Poeno~~! "Draw a photograph!"
Maar ons dop! voel ook met groot geheel saamgeweef. Bv. Sir William Taylor – Santa Fé! Vlagkwessie – prof. Blommaert! – "Ek is nie ontsteld nie."

III Opvallende kenmerk
Één met groot geheel en trots daarop
~~Kiezersie van aksesorie~~
Één met lief; één met leed

Só in ons tyd; en só ook daarna — tot vandag toe, anders soos ons wie hier gewees het nie maar ons getal word klein, al kleiner; die betekenis van ons was groot, word relatief al groter.

IV Slot.

Dankbaarheid en vreugde — dank ook aan organiseerders.

— Heildronk —

24/9/75: aanvaar en tjek (R10) gestuur. — H. B. Th.

MACDONALDHUIS - RE-UNIE

Beste oud-MacDonaldhuisers,

'n Paar van ons hier op Stellenbosch het gevoel dit is hoog tyd dat ons oud-MacDonaldhuisers en hul vrouens weer so 'n klein re-unie hou. Buitendien, ons word nie jonger nie en ons geledere is aan die uitdun.

Ek is toe genader om die nodige kontak-werk te doen en daarom rig ek nou hierdie brief aan julle. Ons vertrou van harte dat almal wat enigsins kan, gunstig op hierdie oproep sal reageer. Ons verlang regtig om 'n slag weer saam te verkeer en lekker te kan gesels en lag!

Die reëlings is soos volg:

| | |
|---|---|
| VORM: | DINEE |
| PLEK: | DIE DROSTDY HERBERG HOTEL, STELLENBOSCH |
| DATUM: | VRYDAGAAND 17 OKTOBER 1975 |
| TYD : | 7.30 nm. vir 8 nm. |
| KOSTE: | R5 PER PERSOON |
| DRAG : | GEWONE PAK |

Aangesien dit belangrik is dat ons vroegtydig moet weet presies hoeveel gaan deelneem, sal ons dit waardeer as u onderstaande vorm sal voltooi en terugstuur om my voor of op 30 SEPTEMBER te bereik.

Baie dankie en hartlike groete.

B Rede

(ERE-SEKRETARIS EN TESOURIER)